Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

TEMA

Jaargang 17 no 7

Julie 2008

- **Burgers van twee koninkryke 2**
- **Ons vir jou Suid-Afrika 3**
- Kerknuus 6
- Beter kommunikasie met jou kind 8
- Die 50c-kind 10
- Wie is die belangrikste man in die hof? 12
- Die laaste dae van 'n moderne martelares 15
- AROS verras kritici 17
- Boekenuus 21

Burgers van TWEE KONINKRYKE

In Filippense 3:20 skryf Paulus: "Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus." Vir 'burgerskap' gebruik Paulus hier die Griekse woord *politeuma*. Hierdie woord was in die Bybelse tyd die aanduiding van 'n etniese of religieuse minderheidsgroep waaraan spesiale burgerregte toegeken is. So 'n minderheidsgroep het dikwels 'n eie woonbuurt gehad waar hulle hul eie kultuur in stand kon hou.
Christene vorm op 'n besondere wyse ook 'n eie *politeuma* – 'n minderheidsgroep hier op aarde met 'n eie identiteit en met eie regte. Hierdie minderheidsgroep het sy basis in Jesus Christus, wat na die hemel opgevaar het. So was dit met die gelowiges in Filippi, so is dit ook met die gelowiges in 2008.

Ons *politeuma* in die hemel wil egter nog nie ons aandag aflei van ons roeping hier op aarde nie. Wanneer Paulus in Kolossense 3:1 sê: "… soek die dinge daarbo waar Christus is", dan beteken dit nie dat ons niks hier op aarde te soek het nie. Dit is nie: òf daarbo òf hieronder nie, maar eerder: én daarbo én hieronder. Wanneer ons identiteit en ons regte in die hemel vaslê, dan bepaal dit ook ons pligte hier op aarde. Pligte ten opsigte van ons volk en ons land, pligte ten opsigte van die politiek en die kultuur in die breedste sin van die woord. As Christene is ons met reg burgers van twee koninkryke!
In 'n brief van 'n 2de eeuse Christen aan 'n sekere Diognetus – 'n heiden – word hierdie dubbele burgerskap pragtig beskryf. Lees saam met my wat hierdie Christen sê: "Terwyl die Christene in Griekse en nie-Griekse stede woon – na gelang hulle toebedeel is – en hulle die gewoontes van die land volg in kleredrag en voedsel en in ander sake van die daaglikse lewe, vertoon hulle tog 'n wonderbaarlike en algemeen-erkende vreemde lewenswyse. Hulle woon in hul eie land, maar as vreemdelinge. As burgers deel hulle in alles, maar hulle ly ook in alles as vreemdelinge. Elke vreemde land is hulle vaderland, en elke land is vir hulle vreemd. Hulle trou net so die ander. Hulle deel hulle tafel, maar nie hulle bed nie. Hulle lewe in die vlees, maar nie volgens die vlees nie. Hulle vertoef op aarde, maar hulle is tuis in die hemel. Hulle gehoorsaam die vasgestelde wette, maar in hul eie lewe oortref hulle die wette."

Miskien proe u iets van die gemengde gevoelens wat die dubbele burgerskap van die Christen na vore bring – hier, maar tog nie hier nie; daar, maar tog ook hier… Lees meer oor die konkrete uitwerking hiervan in die artikels van br Willie Spies en ds Pieter Boon elders in hierdie uitgawe. In die filmresensie deur sr Jenny Boon proe ons verder iets van die konflik waarin die Christen se dubbele burgerskap hom kan bring – lees dit gerus. As redaksie hoop ons dat hierdie tema 'n gesonde gesprek in die kerke en daarbuite sal stimuleer. Immers, totdat Christus uit die hemel terugkom, bly ons steeds burgers van *twee* ryke.

Ds Erik van Alten

BURGERS van TWEE koninkryke

TEMA : Burgers van twee koninkryke

"Ons is burgers van twee koninkryke – 'n aardse en 'n hemelse. Ons is dus vreemdelinge en bywoners op reis na iets beters. Die aarde is bloot ons deurgangs-roete na die ewige hemelse koninkryk. Die aardse koninkryk is boos en verwerplik omdat onreg telkens seëvier. As gelowiges is ons verlange bloot om eendag met Christus in die hemel te gaan woon, waar geregtigheid sal seëvier en daar geen pyn en swaarkry meer sal wees nie."

Hierdie woorde lyk op die oog af reg en verwoord 'n versugting wat baie dikwels by gelowiges te vinde is. Maar die woorde moet getoets word aan hulle volle konsekwensies en sekere vrae moet gevra word om die konsekwensies van hierdie woorde te toets: Wie is die koning in die aardse koninkryk? Is dit God of mense of dalk selfs die Satan? Is God se koninkryk dan beperk tot die hemele? Waar begin en eindig die aardse koninkryk?

Allesomvattende koninkryk
God se koninkryk is een allesomvattende koninkryk. Dit sluit die hemele (buite tyd en ruimte) en die aarde (binne tyd en ruimte) in. Op hierdie koninkryk het die duiwel 'n aanslag geloods in die hemel en op die aarde.

Die duiwel het 'n tydsgebonde en oënskynlike ingrype in die Koninkryk bewerk, deurdat Adam en Eva hulle verhouding met God verbreek het. Maar God het dadelik ingegryp in Genesis 3:15 deur Christus se offerdood en versoening te proklameer.

Hierdeur het die verganklikheid van die mens, maar ook van die kosmos ingetree. Die mens wat weer toetree tot 'n verhouding met God (in die Ou Testament deur te glo in die Messias wat nog moes kom en in die Nuwe Testament deur te glo in die Messias wat reeds gekom het), tree aktief toe tot die koninkryk van God. Vir daardie mense is die dood bloot nie finaal nie. Die mens wat in Christus glo sowel as die aarde sal weer nuut gemaak word.

Die koninkryk van God is stadig maar seker besig om dit wat tydelik in die greep van die duiwel was en is, terug te bring onder die volle heerskappy van die Koning van die koninkryk. Daarom bid ons in die *Onse Vader* dat sy koninkryk mag kom en bely ons daarmee dat ons deur die Woord en die Gees regeer wil word en dat ons onsself aan die Koning wil onderwerp[1].

'n Lewe van toewyding
Romeine 12 beskryf die Christelike lewe as 'n lewe van algehele toewyding aan die Koning van die koninkryk. Dit behels 'n breuk met die wêreldse leefwyse en die omarming van die genadegawes wat die Koning aan sy Koningskinders gee tot onderlinge diens en opbouing.

Die aanvaarding dat alle gesag in die wêreld – ouer-like gesag en owerheidsgesag - van God kom as afgeleide gesag of gesag deur God verleen om reg te gebruik tot diens aan sy koninkryk (Rom 13:1-7), is ook deel van hierdie lewe van toewyding.

God verwag van Koningskinders respek vir die gesag, die reg, belastings en etiek.
Die gesag van die Koning in sy koninkryk moet geld op al die akkers van die lewe: die politiek, die reg, die ekonomie, die wetenskap en alle geestelike aktiwiteit soos dit gestalte kry in die kerklike lewe.

Toewyding of onttrekking?
Die vraag ontstaan maklik of die lewe van toewyding – of dan 'n lewe in die hoop op God se beloftes - dan beteken dat 'n mens afsydig staan teenoor die aardse lewe.

In Johannes 18:36 sê Jesus: "my koninkryk is nie van hierdie wêreld nie". Dit laat die vraag ontstaan of Jesus hier nie self aan sy kinders leiding gee om te onttrek na 'n hemelse koninkryk weg van hier nie. Nee, die wêreld waarvan hier sprake is, is eerder 'n heilshistoriese aanduiding as 'n plekaanduiding. Jesus sê dus dat sy koninkryk nie van die huidige era (van destyds) is nie, maar van 'n toekomstige era. Ook as Jesus aan sy dissipels sê: julle is "uit die wêreld, maar nie van die wêreld nie", verwys Hy veel eerder na die feit dat sy dissipels uit die afvallige verbondsvolk verkies is en hulle as sodanig van die valse kerk moet onderskei[2].

Van 'n roeping om afsydig van die skepping te staan en ons taak daarin is hier dus geen sprake nie[3].

---

[1] Heidelbergse Kategismus Sondag 48
[2] Vergelyk NGB artikel 29
[3] *Die Wêreld is ons Woning* Dr C van der Waal 1985 p15

Nêrens word die Here se Koningskap – ook van die aarde – duideliker geproklameer as in Psalm 24 nie: "Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon; want Hý het dit gegrond op die seë en dit vasgestel op die strome. Wie mag klim op die berg van die HERE? En wie mag staan in sy heilige plek? Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie."

Die burgerskapsvereiste vir God se koninkryk is dus "rein hande en 'n suiwer hart" – 'n lewe van toewyding, maar allermins van onttrekking.

Die burgerlike owerheid

Dit is God se wil dat die wêreld deur konings en vorste regeer sal word, sodat losbandigheid aan bande gelê kan word en mense ordelik kan lewe. Daarom het die owerheid ook die swaard in die hand om kwaaddoeners te straf en deugsames te beskerm. Die owerheid se taak is om die ryk van die anti-chris te vernietig en die Koninkryk van God uit te bou. Gelowiges se taak is weer om hulle aan die burgerlike owerheid te onderwerp. Deur die eeue het aardse regerings gekom en gegaan. Die meeste van hierdie regerings het waarskynlik die plig wat aan hulle opgelê is, versaak en nagelaat om die koninkryk van God uit te bou. Hierdie regerings het nooit permanent regeer nie. God gee inderdaad aan hulle hul mag – of hulle dit glo, of nie – maar God het dit telkens ook weggeneem. Dit het gegeld vir elke koning van Israel – goeies en slegtes, vir die Babiloniese konings, vir die magtige Romeinse Ryk, ook die Britse Ryk, die tirannie van die Nazi's in Duitsland, die wrede diktatorskap van Stalin en sy opvolgers in die Oosblok. Dit geld vandag ook vir die regerings van Robert Mugabe in Zimbabwe maar ook vir Gordon Brown in Brittanje. Dit geld vir George Bush in die VSA, maar ook vir Thabo Mbeki in Suid-Afrika.

Al hierdie regerings het dieselfde roeping gehad. Of hulle dit nagekom of versaak het, die roeping was deurgaans dieselfde.

Ook hier in Suid-Afrika is die toets vir die regering dieselfde. Bestry die regering die kwaad? Beskerm die regering die deugsames? Bevorder hy die koninkryk van God? Waarskynlik nie as ons om ons rondkyk nie. God sal op sy tyd ook die huidige regering tot verantwoording roep en vervang.
Ons taak is om ons te onderwerp aan gesag, maar ook om moedig te stry vir waarheid en geregtigheid.

En wanneer ons bid: "laat u koninkryk kom", dan weet ons dit is 'n voldonge feit dat God die werke van die duiwel, van elke mag wat teen Hom opstaan en alle kwaadwillige planne wat teen God beding word, sal vernietig. Dat die volkomenheid van sy ryk ook sal kom wanneer Hy alles en in almal sal wees.

Ons is dus burgers van één koninkryk – God se koninkryk. Laat ons onsself nie skaam om dit voortdurend te proklameer en waar te maak nie!

Willie Spies *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata, en (sedert 2004) lid van die Parlement in die Nasionale Vergadering.*

Ons vir jou SUID-AFRIKA

TEMA : Burgers van twee koninkryke

Ek onthou uit my dae op hoërskool destyds dat daar een keer per week 'n plegtige vlaghysingseremonie was. Almal moes op aandag staan en die volkslied is daarby gesing: *ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou, Suid-Afrika!*

Ek onthou dat daar sommige van my kerkgenote was wat hierdie laaste sin uit die volkslied nooit saamgesing het nie. Hulle ouers het hulle naamlik geleer dat dit 'n uiting van nasionalisme is wat afgodiese trekke begin aanneem.
Ander het nie so 'n probleem daarmee gehad nie. Dit kan mos as 'n eer beskou word om vir jou vaderland te sterf?

Nou in die jaar 2008 is die vaderlandsgevoel heelwat minder as 25 of 30 jaar gelede.

'n Gevoel van vervreemding begin al hoe meer mense bekruip. Suid-Afrika is wel ons vaderland, maar is dit ook die land van ons toekoms? Bied dit 'n veilige blyplek vir my en my kinders? Bied dit die moontlikheid om my en my kinders aan die lewe te hou, alle verdere drome daargelaat? Oorkant die oseaan lyk die gras gou groener. Is dit sondig as die gogga van wil emigreer ook aan my begin knaag?

Oorkant die oseaan lyk die gras gou groener. Is dit sondig as die gogga van wil emigreer ook aan my begin knaag?

Daar was vroeër op skool ook 'n Godvresende ou onderwyser wat ons iets geleer het wat my altyd bygebly het. Meer nog, met al die jare Teologiese studie wat ek agter die rug het, kon ek nog nie 'n rede vind om dit wat hy gesê het, verkeerd te bewys nie. Kortliks het hy ons die volgende geleer. Die prioriteite in jou lewe moet soos volg wees:

1. God
2. Jou vrou/man en jou gesin
3. Jou beroep
4. Jou kerk
5. Jou land
6. Enigiets anders, of dit jou sport of stokperdjie is of wat ook al.

Hierdie prioriteitslysie is natuurlik 'n veralgemening. Iemand wat nie getroud is nie, het nie 'n man of vrou nie. Tog het elke persoon op aarde 'n gesin waaruit hy voortgekom het. Verder moet 'n mens nie vergeet nie dat al hierdie verskillende prioriteite onderling op mekaar betrekking het en 'n harmoniese geheel behoort te vorm. Jy beoefen byvoorbeeld jou beroep na die beste van jou vermoë om daardeur jou gesin te kan onderhou. Of: jy dien God ook deur die gepaste aandag en liefde vir jou vrou/man en gesin te gee, en daarnaas jou beroep as goddelike roeping uit te voer. Desnieteenstaande bly hierdie prioriteitslys veelseggend. Iemand wat 'n sogenaamde 'workoholic' is, beoefen sy beroep ten koste van sy gesin. Of iemand wat al sy geld bestee aan sy stokperdjie, verwaarloos byvoorbeeld sy verantwoordelikheid teenoor die kerk.

Die prioriteitslysie het ook 'n duidelike boodskap vir die onderwerp van hierdie artikel. En dit is – met soveel woorde – dat jou land ondergeskik is aan jou kerk, jou beroep, jou vrou/man en gesin, en jou God. Vir die nasionalistiese Suid-Afrika waarbinne baie van ons grootgeword het, was hierdie 'n behoorlik konfronterende boodskap. *Ons sal sterwe vir jou Suid-Afrika* is regtig nie so vanselfsprekend nie. Is dit wel wat God van jou sou verwag? Is dit verantwoordelik in die lig van jou taak as eggenoot, in jou gesin, in jou beroep, in jou kerk? – almal dinge in prioriteit belangriker as jou land!

Vandag mag hierdie prioriteitslysie moontlik 'n verademing vir sommiges wees. As dit so is, dan hoef ek mos nie skuldig te voel as ek 'my' land verlaat nie? Ek neem hierdie beslissing mos juis ter wille van my gesin, of my beroep, dinge wat belangriker is as my land!

Maar dan bly daar wel een vraag oor. Wat dan van my taak in die kerk? Is dit nie dalk so dat daar juis vir my 'n belangrike taak lê in die kerk hier in Suid-Afrika nie? Behoort dit nie 'n rede te wees om my vas te hou hier waar ek is nie? As alle kerkgenote die land verlaat, wat bly daar van die kerkverband oor, wat bly daar van Gereformeerde onderwys oor, wat bly daar van die sendingwerk oor?

Wat dan van my taak in die kerk?

Dit is hier waar die onderwerp moeilik en gevoelig raak. Aan die een kant dring die liefde vir Christus se kerk om te bly, aan die ander kant is daar 'n groeiende aantal mense wat hulself afvra of dit goed is om dit aan hulle gesin te doen, en of daar wel 'n toekoms is vir hulle kinders in hierdie reënboognasie. Daarby kom nog die hele problematiek van die sogenaamde 'bemagtiging', waardeur baie in hulle beroep nie meer die kans kry om hulle te ontplooi nie. Wanneer so 'n persoon 'n pragtige werksaanbod kry in 'n land waar dit op die oomblik veiliger is, is dit 'n geleentheid of is dit 'n versoeking?

Na die Tweede Wêreldoorlog het baie van die eerste generasie binne die VGKSA na Suid-Afrika geïmmigreer.

Hulle het die wreedhede van die wêreldoorlog van naby beleef, en daarna die oprukkende gevaar van Rusland. Verder ook die bittere armoede wat die eerste jare na die oorlog in Europa geheers het. Hierdie dinge was waarskynlik die hoofredes vir die meeste immigrante om hulle geboorteland te verlaat. Die bittere nasmaak van die oorlog, 'n dreigende nuwe gevaar, en tweedens die ekonomiese toestand. Daarnaas word daar soms ook ander redes genoem: die begeerte om die rykdom van die Vrymaking in Nederland ook in die buiteland te laat posvat, asook die aanloklikheid van 'n buitelandse avontuur.

Agteraf is dit moeilik om 'n waarde-oordeel aan die besluit van ons voorvaders om na Afrika te immigreer, te verbind. Aan die een kant het die Nederlandse owerheid alle hande nodig gehad om die gehawende land weer op te bou, aan die ander kant het dieselfde owerheid emigrasie aangemoedig vanweë die skry-nende behuisingstekort. Aan die een kant het die kerke in Nederland alle hande nodig gehad om die kerklike lewe weer op te bou na 'n tragiese kerkskeu-ring wat midde-in die oorlog plaasgevind het. Aan die ander kant is her en der emigrasieverenigings opgerig wat Gereformeerdes aangemoedig het om hulle kultuurmandaat elders in die wêreld te gaan voortsit.

Weer eens, agteraf is dit moeilik om te sê of ons voorouers reg of verkeerd besluit het. Wel sien ons die hand van God in alles, wat menslike besluite met sy seën bekroon, of van die ander kant beskou, wat ook in staat is om verkeerde besluite om te buig om 'n goeie doel te dien.

Wanneer die emigrasiegogga deesdae weer aan (veral jong) gesinne begin knaag, is dit myns insiens van groot belang dat ons hieroor met mekaar gedagtes wissel. En dit in openheid en vertroue. Ons kan nie die toekoms voorspel nie. Die grootste emigrasiegolf vanuit Nederland in die vorige eeu was in die jare vyftig. Toe die ekonomie aan die einde van die jare vyftig egter skielik begin oplewe het, het hierdie golf drasties afgeneem. Baie immigrante het destyds Suid-Afrika toe gekom om vir hulle kinders 'n beter toekoms te gee, vergeleke by die toestand in Europa. Hulle het die beslissing geneem met die kennis wat hulle op daardie stadium gehad het, sonder om in die toekoms te kan kyk.

Hoe Suid-Afrika oor vyf jaar of tien jaar of twintig jaar gaan lyk, weet ons nie. Ons praat met mekaar, ons neem beslissings op basis van hede en verlede. Op basis van die hede met sy skrikwekkende kriminaliteitsyfers het mens 'n begrip daarvoor dat ouers hulself afvra: is dit wys om hier te bly? Miskien is ek nie bang nie, ek vertrou ten volle op God, as ek vandag sterf weet ek dat ek in Christus salig is. Maar my kind(ers) moet dan wel sonder 'n pa/ma opgroei. Verwag God hierdie offer ter wille van my toewyding aan hierdie land, ter wille van die gemeente hier?

Ek dink dit is belangrik om hierdie onderwerp nie te polariseer nie. Laat ons eerlik aan mekaar erken dat ons stoei met hierdie vrae, dat dit voel of daar botsende prioriteite is, wat al hoe moeiliker versoenbaar blyk te wees. Laat ons mekaar opskerp en help om die regte beslissings te neem. Ek dink dit is 'n uitgemaakte saak dat materiële welvaart vir niemand van ons 'n drywende motivering mag wees nie, hetsy vir 'n beslissing om maar hier in die land te bly, hetsy vir 'n beslissing om elders heen te verhuis.

Laat ons mekaar help om besluite met die regte motiewe te neem, besluite wat moontlik nie vir elkeen dieselfde sal wees nie. Of miskien moet ons op die oomblik wag met 'n beslissing... Laat ons mekaar help om in alles die eer van God in die eerste plek te stel, en om aan die onderskeie roepings wat Hy aan ons in hierdie tydelike lewe toevertrou het, die regte plek te gee.

Dit is geen geheim nie dat daar hope werk wag op die kontinent Afrika, juis vir 'n Christen. Daar is so baie mense wat die rykdom van die evangelie nog nie geproe het nie, wat nog nie die voorreg smaak van 'n

stabiele Christelike lewenstyl nie. Daar is so baie wat dreig om vir ewig verlore te gaan. Terselfdertyd mag ons nie ontken nie dat dieselfde nood op ander kontinente ook aanwesig is. Tog weet ons uit ervaring dat die duisternis van die heidendom baie mense in Afrika se lewens nog steeds oorskadu op so 'n wyse wat werklik hartverskeurend is.

Laat ons hierdie roeping om uit te reik na dié wat in duisternis sit, nie vergeet nie. Selfs aan hulle wat goeie redes vind om te emigreer, sou ek wil sê: moenie hierdie roeping uit die oog verloor nie. Dit is nie toevallig dat God jou pad Afrika laat kruis het nie. Ook as jy tot die beslissing gekom het om jou lewe op 'n ander kontinent voort te sit, kan jy hierdie roeping met jou saamneem! Om steeds met ontferming bewoë te wees oor al die ellende, ja, die diepste ellende, van so baie in Afrika. En om hierdie bewoënheid ook tot uiting te bring in blywende betrokkenheid by die werk van Christus se kerk, en die uitbou van God se koninkryk, in Afrika.

Dit is nie toevallig dat God jou pad Afrika laat kruis het nie.

Die klassieke ou film *The fiddler on the roof* vertel die storie van 'n Joodse gemeenskap in Rusland wat aan die begin van die vorige eeu as gevolg van 'n pogrom gedwonge moes verhuis. Die land waar hulle so baie jare gewoon het, het hulle letterlik uitgespoeg. Aan die einde van die film sê 'n ou vroutjie die volgende woorde: 'Ag, ek worry nie, hierdie ou stinkende dorpie het nooit my hart gehad nie...' Ek dink daar is niemand onder ons wat hierdie woorde sal oorneem nie.

Al lyk die gras elders soms groener, ons is lief vir Suid-Afrika. En dié wat die beslissing moes neem om te emigreer, doen dit met pyn in hulle harte. Nie dat Suid-Afrika die enigste mooi land ter wêreld is nie. Dit is dalk ook 'n stukkie nasionalisme om so te dink. As Christene weet ons dat elke land deur God geskape is, en dat geen land vir 'n ander onderdoen nie. Ook weet ons dat geen land op hierdie aarde ons blywende eiendom is nie. Ons kry dit slegs vir 'n rukkie in bruikleen. Ons mag Hom dien en deur sy genade ons beywer vir die koms van sy koninkryk wat die hele aarde sal omspan. Dit is slegs deur die herskepping heen dat die sagmoediges die aarde blywend sal beërwe (Matt 5:5).

Ds P G (Pieter) Boon *is sendeling in Soshanguve.*

KERKNUUS

Kerknuus

Australië - *korrespondent : Ds Mendel Retief*

Versorging van Gestremdes

In 1990 het gemeentelede 'n organisasie gestig met die naam "The Free Reformed Association Assisting Those With Special Needs (Inc.)". Die doel is om (verstandelik) gestremde kinders in die gemeentes te help versorg waar hulle ouers dit moeilik alleen kan doen. In 1993 is 'n huis in Armadale aangekoop waar sekere van die gestremdes gehuisves word. Die huis se naam is "Eucalypt", wat beteken "Goeie beskerming". Die huis het tans vier volwasse inwoners wat voltydse versorging ontvang – 24 uur per dag, 7 dae per week. Daar is een voltydse werker en 'n stuk of ses deeltydse werkers. Al die personeel is gemeentelede en lewer vrywillig (gratis) liefdediens. Daar is nou ook 'n direkteur aangestel om alle projekte van die organisasie te koördineer. Gedurende skoolvakansies word 'n verdere ses gestremde kinders in die Eucalypt-huis gehuisves, plus bykomende personeel.

Elke eerste Sondagaand van die maand is alle gemeentelede welkom vir 'n "sing-a-long" in Eucalypt. Dan gaan al die gestremdes in die gemeentes na Eucalypt, plus die gaste, en sing hulle Psalms. Die geleentheid is baie gewild en word deur almal as 'n vreugde ervaar. Dit is wonderlik om die vreugde op daardie kinders se gesigte te sien wanneer hulle die Here se lof besing.

Eucalypt het ook ander projekte. Die personeel bied byvoorbeeld ook versorging vir ander in die gemeentes. Een jong broeder ly reeds 15 jaar aan Veelvuldige Sklerose. Hy kan nog net een vinger beweeg (!), maar gebruik daardie vinger handig om sy elektroniese rystoel te beheer. Hy ontvang ook 24-uur hulp 7 dae per week by Eucalypt. Die inwoners van Eucalypt word ook vaardighede geleer en twee gestremdes doen spesiale werk wat deur die staat voorsien word, en hulle ontvang dus 'n (minimale) eie inkomste.
Eucalypt is nie net 'n organisasie nie, maar 'n warm tuiste waar baie liefde gegee en ontvang word. Almal wat betrokke is, vind die werk 'n vreugde. En die kinders is tuis in die gemeentes, waar hulle nie net die eredienste bywoon nie, maar die volle voordeel van die gemeenskap van die heiliges geniet.
'n Tweede Eucalypt word vir die gemeentes in Albany beplan. Vir hierdie doel is daar onlangs, op 29 Mei 2008, 'n huis vir $427,500 aangekoop. Die organisasie groei dus steeds en het al meer as 500 lede wat finansieel bydra. Mag die Here ook vir die toekoms sy seën gee op hierdie veeleisende maar mooi liefdesdiens.

Nederland - *korrespondent : Ds Axel Hagg*

Bevrydingspastoraat
Die afgelope tyd is daar gereeld diskussie oor bevrydingspastoraat in die GKv. In kort gaan dit om die uitdryf van demone by gelowiges deur middel van intensiewe gesprekke oor hulle en hulle ouers se sondes. Dit word dan afgesluit met 'n bevrydingsgebed waar in die naam van Jesus die demoon uitgedryf word. Die kerkraad van Zwolle-Noord en hul predikant ds J Ophoff het na besinning wel besluit om dit 'n plek te gee in die pastorale sorg in die gemeente. Na 'n artikel in die *Nederlands Dagblad* oor ds Ophoff en sy vrou en die bevrydingspastoraat wat hulle beoefen, het verskeie artikels gevolg.

Sinode
Die sinode van de GKv het die afgelope tyd verskeie onderwerpe bespreek. Daar is besluit om die besware teen prof dr J Douma, prof dr G Harink en dr ALTh de Bruijne af te wys of onontvanklik te verklaar. Die besware teen prof dr G Harink oor sy onlangse uitlatings oor die vrou in die amp, homoseksualiteit en die Roomse mis is afgewys, omdat hy homself daarna verder verklaar en sy uitlatings bygestel het. Die besware teen dr ALTh de Bruijne, oor sy artikel in die boek *Woord op Schrift*, is onontvanklik verklaar omdat die besware, volgens die sinode, te laat ingehandig is.
Die besware teen prof dr J Douma oor sy publikasies oor Genesis 1, is ook afgewys. Volgens die indiener sou Douma beweer dat Genesis 1 nie histories is nie. Maar die College van Toezicht van die Theologische Universiteit het dit al vroeër weerlê en die sinode het dit so oorgeneem.

Kampen-Noord
Daar het onlangs 'n boek verskyn oor die probleme in die gemeente van Kampen-Noord. Daarin word gestel dat hierdie saak baie gevoelig lê in die GKv en dat 'n breuk met die gemeente van ds Hoogendoorn tot 'n groot skeuring kan lei. Daar sou ongeveer 10 000 tot 15 000 kerklede die GKv verlaat.

Kanada - *korrespondent : Prof Arjan de Visser*

Prof GH Visscher kry Ph.D. met proefskrif oor Romeine 4
Prof Gerhard H Visscher, prinsipaal van die Teologiese Skool van die Canadian Reformed Churches, het op 20 Mei 2008 sy Ph.D.-graad by McMaster Universiteit in Hamilton (Kanada) ontvang.
Dr Visscher se proefskrif handel oor Romeine 4, met besondere aandag vir die rol wat hierdie hoofstuk speel in die diskussie oor die sogenaamde 'Nuwe Perspektief op Paulus' (NPP).
Die term "New Perspective on Paul" dateer uit die laat 1970's en verteenwoordig 'n nuwe interpretasie van wat die apostel Paulus gesê het oor regverdiging. Die tradisionele Lutherse en Gereformeerde siening is dat Paulus die regverdiging deur die *geloof* beklemtoon het (in onderskeid van regverdiging deur *werke* van die wet).

In 1977 het die teoloog EP Sanders egter 'n boek geskryf met die titel *Paul and Palestinian Judaism* waarin hy beweer het dat Luther 'n fout gemaak het deur Paulus teveel te lees vanuit die perspektief van sy eie worsteling met Rome. Sanders beweer dat die Jode meer van genade geweet het as wat ons dink, en dat Paulus se stryd nie teen 'werke' in die algemeen was nie, maar slegs teen sommige spesifieke gebruike wat die Jode gebruik het om hulself van nie-Jode te onderskei. Hierdie gebruike (bv besnydenis en Sabbatsheiliging) was nie bedoel om daardeur "salig" te word nie, maar dit is gebruik as grensmarkeerders ("boundary markers") tussen Jode en nie-Jode.

Hierdie 'nuwe perspektief' op Paulus het in die afgelope dertig jaar baie diskussie veroorsaak in die kringe van Nuwe Testamentici. Terwyl toonaangewende Nuwe Testamentici soos James Dunn en NT Wright Sanders se kant gekies het, was daar baie ander teoloë wat nie oortuig was nie. In die diskussie tussen die twee kampe het Romeine 4 'n belangrike rol gespeel. As Paulus in Romeine 4 na "werke"

verwys, praat hy slegs van 'grens-markeerders' tussen Jode en nie-Jode, of praat hy van werke van die wet wat nie vir ons regverdig kan maak nie?

dr GH Visscher

Dr Visscher het dus met sy dissertasie in 'n baie aktuele diskussie ingetree. Die fokus van sy studie was: Hoe is Romeine 4 gebruik in die diskussie tussen voor- en teenstanders van die 'nuwe perspektief op Paulus', en watter kamp laat aan Paulus se bedoelings die meeste reg geskied?
In hoofstuk 1 van sy proefskrif bespreek dr Visscher voorstanders van die 'nuwe perspektief' soos EP Sanders en James DG Dunn. In hoofstuk 2 bespreek hy kritiek wat teen die 'nuwe perspektief' ingebring is deur teoloë soos TR Schreiner en Stephen Westerholm.

In die volgende hoofstukke bespreek dr Visscher dan die konteks van Romeine 4 en lewer hy 'n selfstandige detail-eksegese van die hoofstuk. Sy algemene gevolgtrekking is dat die NPP 'n paar nuttige insigte opgelewer het, maar dat dit nie reg doen aan Paulus se boodskap in Romeine 4 nie.
Veral Romeine 4:1-8 is die spyker in die NPP se doodskis. As Paulus in Romeine 4:2 van "werke" praat, is dit nie maar net 'grensmarkeerders' tussen Jode en nie-Jode nie. Dit gaan werklik daaroor hoe 'n mens regverdig kan wees in die oë van God. "Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken." (Rom 4:3)

Dr Visscher se proefskrif is sonder twyfel 'n waardevolle bydrae tot die diskussies oor die interpretasie van Paulus se brief aan die Romeine.

Suid-Afrika

Bevestig as sendeling van Pretoria-Maranata:
- ds DM Boersma op Sondag 8 Junie 2008

BETER kommunikasie met JOU KIND

Onderwys & Opvoeding

Ons bely dat ons kinders geskenke uit die hand van God is. Langs die doopvont beloof ons plegtig om, wanneer hulle dit kan verstaan, hulle na ons vermoë te onderrig en te laat onderrig. Wat 'n ontnugtering as ons enkele jare later moet agterkom dat ons onderwysings so dikwels op dowe ore val! Baie ouers sou wat wou gee as hulle kinders tog maar net gehoor wou gee aan die vermanings waarmee ons hulle in liefde wil lei.

Hierdie onderwerp was die tema van 'n sprekersaand wat op 14 Mei by die Laerskool Johannes Calvyn in Pretoria gehou is. Die spreker was dr Don Roos, 'n sielkundige en opvoedkundige en bekende motiveringspreker. Dr Roos het aan Tukkies, RAU, Unisa en die PU vir CHO gestudeer.

In die VSA en Japan het hy navorsing gedoen met betrekking tot die voorskoolse kind. Voorheen was hy verbonde aan die RGN en dosent in Sielkunde. Dr Roos is die outeur van verskeie publikasies, onder andere die bekende *Geniet jou kind*. Hy was ook draaiboekskrywer, adviseur en aanbieder van verskeie TV-programme. Sy aanbiedings en werkseminare is gerig op ouerleidingsgroepe en skole, asook besighede. Dr Roos het self drie kinders en is 'n beskeie man wat hierdie inligting slegs verskaf het nadat ek hom mooi gevra het.

Jou kind is oukei
Dr Roos meen dat die belangrikste ding wat jy aan jou kind wil kommunikeer, is dat jou kind oukei is. Terwyl die taalpuriste onder ons se wenkbroue hieroor gelig het, het dr Roos ons gou verseker dat die woord wel Afrikaans is en trouens drie keer in die HAT voorkom. (Ek het ewe skepties die volgende oggend my HAT nader getrek en daar staan dit: OK, okay, oukei. Al drie spellings, nogal. Betekenis: goed, in orde.) Dit is belangrik om vir jou kind die versekering te gee dat hy in jou oë goedkeuring waardig is, ter wille van sy selfbeeld en uiteindelik ook vir sy hele lewensoriëntering.

Volgens dr Roos het 'n kind se selfbeeld 'n veel groter invloed op sy skoolprestasie as sy intelligensie, hoewel laasgenoemde iets is waaraan baie mense verkeerdelik te veel waarde heg. Volgens hom behaal mense wat goed oor hulself voel, goeie resultate.

Dr Roos meen dat daar met betrekking tot kommunikasie basies vier verhoudings is: jou verhouding met God, jouself, jou medemens en die skepping. As jou verhouding met God nie reg is nie, sal dit ook blyk in jou ander verhoudings. Iemand wat byvoorbeeld sy hond skop, se verhouding met die skepping is nie reg nie, en dit vloei voort uit die feit dat sy verhouding met God nie reg is nie.

Deur jou kind aan te raak, laat jy hom veiliger voel

Volgens dr Roos is kommunikasie dikwels verwarrend, en hy gee riglyne hoe om dit minder verwarrend te maak. Een manier is om aanraking deel te maak van jou poging om te kommunikeer.

Aanraking is deel van kommunikasie.

Die vel is ons grootste sintuig. Dit beslaan sowat 1½m^2 en bevat sowat 5 miljoen senuwee-eindpunte wat ongeveer 'n derde van die korteks van die brein in beslag neem. Dr Roos meen dit is ons mees onderskatte en onderbenutte kommunikasiemiddel.

Deur jou kind aan te raak, laat jy hom veiliger voel. Jou kind het minstens een mooi verhouding waarbinne hy veilig voel, nodig om die lewe se stres te kan hanteer.

Binne ons Westerse samelewing voel ons nie op ons gemak as mense in 'n kommunikasie-situasie nader as ongeveer 'n halwe meter aan jou kom nie. Dit verskil van kultuur tot kultuur, maar ons ken almal die gevoel van onvergenoegdheid wat veroorsaak word deur iemand wat ongemaklik naby aan jou staan, wat eintlik jou persoonlike ruimte binnedring. Met kinders kan jy hierdie afstand egter kleiner maak. Omhelsing is die kragtigste manier om jou kind oukei te laat voel.



Tweede beste is om jou (voorskoolse) kind op jou skoot te laat sit terwyl jy vir hom voorlees, en dit het natuurlik ook ander bykomende voordele. Raak aan jou kind as jy verby hom loop, as jy oor hom buk om te kyk hoe vorder die huiswerk, as julle saam sit en televisie kyk. Dr Roos het die roerende staaltjie vertel van 'n laerskoolseun met talle gedragsprobleme wat na 'n biologieles oor die skelet vir die onderwyseres gaan vra het waar sit dan die bene wat in 'n vrou se borste voorkom. Skielik het daar vir die onderwyseres 'n lig opgegaan: hierdie kind weet nie dat 'n vrou se lyf sag is nie, hy ken nie die omhelsing van 'n moeder nie!

Ons moet obsessief raak oor luister

Nog 'n manier om verwarring tydens kommunikasie uit te skakel, is om beter te luister. Dit is elkeen se eie verantwoordelikheid om homself beter te leer luister. Baie van ons is geneig om iemand in die rede te val terwyl hy praat. Dr Roos raai aan dat 'n mens twee sekondes wag voor jy intjip (nee, dit staan nie ook in die HAT nie, maar ons gebruik dit almal, nie waar nie?). Dan moet ons dit probeer rek na drie sekondes. Die mikpunt is om die ander een kans te gee om klaar te praat, dan sal jy te hore kry wat hy eintlik vir jou wil sê. Ons moet beurte maak om te praat en te luister. Kinders is super-imitators (bobaas-nabootsers) en sien alles raak wat ons doen. Dit sal dan op hulle "afskuur".

Kinders wat goed kan luister, doen goed in mondelinge werk. Kinders wat goed lees, kan ook goed skryf. So bou alle skoolprestasies op luistervaardighede. Selfs kinders wat sukkel met wiskunde se grootste probleem is dikwels dat hulle eenvoudig nie kan luister nie. Dr Roos noem die voorbeeld van 'n kind wat begin koor sing het en wie se skoolpunte toe deur die bank verbeter het omdat die koorleier haar geleer het om haar aandag te fokus en met konsentrasie te luister.

Raak obsessief oor luister.

Een eienskap wat kenmerkend is van iemand met 'n goeie self-beeld, is dat hy van ander mense hou en dat ander van hom hou. As jou kind werklik na 'n ander persoon luister, sal daardie persoon van hom hou en so word albei se selfbeeld gebou. Nog iets: jy leer die meeste wanneer jy luister en die minste wanneer jy praat. Bloot deur in die klas te luister, leer jou kind al 80% van die werk. Dr Roos meen ons moet obsessief raak oor luister.

Sensitiwiteit bevorder kommunikasie
Sensitiwiteit is nog iets wat kommunikasie tussen jou en jou kind raak. Dit sal goed wees as ons tussen al ons bedrywighede deur 'n bietjie tyd maak om regtig na ons kinders te kyk. Probeer om nie net altyd jou kind uit te vang wanneer hy kwaad doen nie, maar dit eerder 'n slag raak te sien as hy iets moois doen**.** Met die bedoeling om hom dan natuurlik daarvoor te prys!

Dr Roos is ook 'n voorstander van wat hy "liefdevolle verwaarlosing" noem. "Love them, feed them and leave them alone," beveel hy aan. Oorbeskermde kinders word gestrem in die ontwikkeling van hul selfstandigheid. Hoe ouer 'n kind word, hoe meer verantwoordelikheid behoort hy te kry. Kinders wat takies in die huis moet verrig, vaar later in hulle lewe beter as kinders wat geen verantwoordelikhede het nie. Ook wat sakgeld betref, voel hy dat 'n mens jou kind met vryheid moet vertrou.

Ons kommunikeer nie net met woorde nie
Ten laaste wys dr Roos daarop dat die oordrag van gevoel tydens kommunikasie 38% in stemtoon, intonasie en infleksie lê, 55% in liggaamstaal (en daarby speel gesigsuitdrukking die belangrikste rol) en slegs 7% in die woorde wat jy gebruik.

Ons kinders gaan ons dus onthou vir ons houding. Selfs wanneer jy niks sê nie, sê jy daarmee ook iets. Jy kan dus nie anders as om te kommunikeer nie. Dr Roos eindig deur te sê dat as dit met ons en ons kinders goed gaan, dit God se genade is.

Dit is jammer dat daar op so 'n aand eintlik min tyd is vir vrae en bespreking. Maar maak dit regtig saak? Dr Roos gee homself uit as kommunikasiekenner; en ek moet erken dat, toe ek gaan sit het om hierdie artikel te skryf, ek die inligting wat hy op sy unieke, humoristiese en uiters boeiende wyse oorgedra het, met verbasend min moeite kon herroep. Soos die Ingelsman sê, "the proof of the pudding lies in the eating".

Vir dié van ons wat die aand bygewoon het in die hoop dat dr Roos vir ons onfeilbare formules sou gee om enige kind sy ore dadelik te laat spits as ons praat en ontvanklik vir ons wyse woorde en vermanings te maak (iets in die lyn van *hoor, julle seuns, na die tug van die vader, en luister om insig te leer ken*)... dan is ons met leë hande huis toe gestuur. Dr Roos se resep is dat jy die hart van jou kind met liefde aanraak om toegang tot sy ore te kry. *Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie...*

Lize Kampman *is moeder van vier kinders. Een kind is in die hoërskool, twee in die laerskool en een is voorskools.*

Die 50c-KIND

Elders gelees

"Black diamonds". Dis mos wat die nuwe swart middelklas genoem word. Jong gesinne, met 'n goeie inkomste (of die wil om maklik skuld aan te gaan). 'n Mooi motor en 'n netjiese huis, met daarbinne 'n groot televisie en stylvolle meubels. Vir baie jong vaders en moeders (van alle agtergronde en kulture) voel dit soos 'n mooi eindbestemming: wie wil nou meer hê? Ds Jerry Mhlanga teken in onderstaande (vertaalde) artikel egter vir ons 'n ander prentjie – vanuit die oogpunt van 'n kind. Die groot verleier, die Satan, neem ons tyd en aandag in beslag met die luukses en vermaak wat so maklik beskikbaar is. Ds Mhlanga se artikel vestig, op treffende wyse, die aandag daarop.
Jan de Mooij

Wat 'n verstommende kind is dit nie! Eintlik is dit nie net 'n enkele kind nie, dit is 'n hele klomp van hulle. Dit sal jou verbaas dat al wat hulle wil hê, net 50c is. Dit is nie te veel gevra nie, of hoe? Vir daardie bedraggie sal hulle heelwat vir jou doen. Hulle sal dit ook nog baie vinnig doen, asof iets hulle jaag. As hulle selfs nog meer as een 50c kan kry, is dit 'n bonus. Vir hierdie kinders is 50c nie 'n klein bedraggie nie; dit het hulle hele lewe geword. Nee, moenie my verkeerd verstaan nie; hulle het dit nie nodig omdat hulle arm is nie. Die meeste van hulle kom uit gegoede gesinne. Hulle weet dat hulle iets te ete sal kry as hulle by die huis kom; meeste van hulle weet nie wat dit is om honger te ly nie. Maar waarvoor het hulle dit dan nodig? Hulle het dit nodig om hulself aan die lewe te hou, maar dan 'n ander kant van die lewe.

Miskien moet jy meer oor hierdie kinders te wete kom. Wanneer hulle by die huis kom, voel die meeste van hulle oorweldig. Oorweldig deur die groot huis waarin hulle die res van die dag moet deurbring. Elke keer wanneer hulle die deur oopmaak, is hulle bang om van aangesig tot aangesig met daardie mure te kom. O, hulle kom nie 'n leë huis binne nie; daar is mooi meubels van goeie gehalte in die meeste van hierdie huise. Die kinders weet dit ook. Hulle het al probeer om daarvan gebruik te maak. Dikwels as hulle binnekom, storm hulle vir die afstandbeheerder; selfs nog voordat hulle hul skooltasse neergesit of hulle skoolklere uitgetrek het.

Hulle het iemand nodig om die praatwerk in die huis te doen. Voordat hulle dus iets kan begin doen, wil hulle eers 'n paar stemme hoor gesels in die huis. Soms probeer hulle saam met die stemme sing. Jy kan hulle van ver af hoor, want hulle maak altyd seker dat dit hard genoeg is.

As jy hulle nie ken nie, sal jy dalk dink dat hulle in hul ouers se afwesigheid misbruik maak van hulle vryheid. Maar die teendeel is waar. Hulle probeer die stem vervang wat veronderstel is om hulle te verwelkom wanneer hulle van die skool af kom, die stem wat nie daar is nie. Hulle kan egter nie lank volhou met hierdie lawaai nie. Jy sal gou agterkom dat dit stil geword het. Nee, hulle is nie besig om te werk nie; hulle is met iets anders besig. As hulle so bevoorreg is om toegang tot DSTV te hê, kyk hulle tekenprente. Anders soek hulle na iets op die plaaslike televisiekanale om hulle mee te vermaak. Jy sal verbaas wees dat selfs dit hulle nie lank besig hou nie. Gou is hulle geïrriteerd en word alles afgeskakel. Ja, daar is iets fout met die stemme wat hulle hoor: dit praat nou wel, maar hulle kan nie daarmee gesels nie. Hulle kan net luister, maar hulle kan nie iets terugsê nie. Hierdie wêreld waarin hulle lewe, laat hulle geïsoleerd en eensaam voel.

Dus het hulle iets gevind om hulle mee besig te hou. Dit lyk ten minste of dit die antwoord op hulle probleme is. Die oplossing lê in die 50c waarvan ek jou vertel het. As hulle een het, bly hulle nie lank by die huis nie; hulle vergeet soms selfs om te eet. Hulle is haastig iewers heen op pad, want as hulle nie vroeg daar kom nie, kan dit baie moeilik wees om voor in die ry te kom. Hulle haas hulle na daardie klein kafeetjie toe. Daar is 'n paar videospeletjies, daar sal daardie 50c vir hulle 'n stukkie lewe koop. Jy wonder dalk hoe. Wel, die atmosfeer daar is heeltemal anders as by die huis. Hulle het maats van hulle ouderdom om na hulle te kyk. In hierdie atmosfeer is daar vir hulle waardering en aanmoediging.

Dit gebeur so: as hulle na hierdie speletjiekas toe kom en hulle kan op 'n dag iets nuuts doen, soos om die teenstander miskien te kan oorwin op 'n manier wat min ander hulle kan nadoen, dan maak dit hulle gelukkig. Miskien slaag hulle daarin om te vorder na ander vlakke wat min ander kan regkry. Al hierdie dinge maak dat hulle respek afdwing en erken word as een van die bestes. Dit gee hulle moontlikhede vir die toekoms. Dit is nodig, want hulle weet dat hulle dalk nie altyd 'n 50c sal hê nie. Almal speel nie; party is net daar om te kyk. Hulle wag dat iemand vasbrand, want dan kan hulle help, want hulle is mos die beste. Sommiges kyk net om 'n paar nuwe kunsies te leer sodat hulle môre beter kan kompeteer.

Dit is nie al nie. Daar is nog 'n ander ding. Jy sien dit wanneer jy hierdie kinders dophou as hulle daardie knoppies druk. As hulle 'n moeilike vlak afgehandel het, hoor jy dalk party van hulle hardop van blydskap praat: "Ek het mos gesê ek sal jou wen, ek sal jou doodmaak." Is dit maar net eenvoudig woorde wat uit hulle monde kom? Nie regtig nie; hulle druk hulle frustrasies uit. Dit is nie die woorde van iemand wat 'n bietjie vermaak geniet nie. Hulle voel asof hulle daarin geslaag het om iets te oorwin, en hulle voel asof daar iemand is wat hul sukses raaksien. Op 'n manier kan hulle saamskree: "Jy het dit reggekry! Jy het dit reggekry!" Ten minste het hulle sukses behaal. Met daardie gevoel kan hulle huis toe gaan.

Moenie dink dat dinge nou beter is as hulle by die huis kom nie. Hulle weet dat hulle ouers binnekort sal tuiskom. Nadat hulle 'n genotvolle tydjie by hulle nuwe dagsorg deurgebring het, haas hulle hul huis toe om vinnig 'n bietjie op te ruim en skoon te maak. As hulle dit nie doen nie, het hulle dalk nie weer môre 50c nie. Die ouers sal dus van die werk af kom, en hulle sal net deel wees van die huis se mure. Hulle sal oor baie dinge gesels, maar hulle sal nie met hulle kinders gesels nie. Die ma sal besig wees om kos te maak en die pa sal probeer om op hoogte te kom van die dag se gebeure. Binnekort sal hulle aansit om te eet, maar moenie dink dat dit nou die tyd is om goeie gesprekke aan te knoop nie. Dit sal nie gebeur nie, want etenstyd is ook die tyd wanneer hulle iets op televisie kyk. Die klein kassie doen die praatwerk en al hulle aandag is daarop gevestig. Al deel hierdie mense 'n huis, bly hulle vreemdelinge vir mekaar.
Nou-nou is dit slaaptyd, en soggens is hulle al weer vroeg weg. Wanneer die kinders egter wakker word, kyk hulle heel eerste bo-op die yskas om te sien of daar 'n bietjie sakgeld vir middagete is.

As daar iets is, is hulle dag gemaak. Die ouers sal iewers in die huis iets vir hulle los. Hierdie kinders vat nie kosblikke skool toe nie, hulle kry geld om iets te ete te koop by die skool. Dit is dan waar die geld vandaan kom, ingeval jy gewonder het waar hulle daardie vyftigsente vandaan kry. Hulle het geleer om elke dag vir daardie bedrag te begroot. Partykeer kan hulle selfs meer afknyp deur hulself 'n lekkerny te ontsê. Dit doen hulle dan ter wille van daardie vyftigsent.

Ek hoop u verstaan waar die titel vandaan kom. Dit is wat ek elke dag sien, en ek vra myself af: wat kan 'n mens vir hulle doen? Ons weet almal hulle het nie iets nodig om hulle mee besig te hou nie; hulle het genoeg daarvan. Hulle het 'n huis nodig. Ja, hulle het wel een, maar hulle het 'n huis nodig waar iemand met hulle sal praat, hulle die enigste manier sal leer waarop 'n mens hierdie lewe kan aanpak; Christus se manier. Hulle harte bly leeg. Hulle voel alleen in hierdie groot wêreld. Niemand hoor hulle hulpkreet nie. Dit herinner jou dalk aan die heidense god met die naam Molog uit die Bybelse tyd, waarteen die Israeliete gewaarsku is. Molog was 'n eienaardige god, want hy het kinders geëet. Ons lees dat dit 'n beeld was met 'n opening daarin. 'n Vuur is in hierdie opening gemaak en elke ouer moes kom en met sy eie hande sy eersgebore kind in die witwarm uitgestrekte hande van Molog neersit. Ouers is nie toegelaat om hul gevoelens te wys nie, en daar is op tromme geslaan sodat hulle nie die baba kon hoor skreeu terwyl dit in die hande van Molog sterf nie. Dit verskil nie veel van vandag nie. Daar is baie tromme wat speel waarmee die ouers dit regkry om hulle kinders se geskreeu uit te doof. Dit is al die dinge waarby die ouers betrokke is wat hulle so besig hou. Hulle sal jou vertel dat hulle dit ter wille van die kinders doen. Maar die kinders word verslind deur dieselfde dinge wat aan hulle voorsien word, en baie ouers moes al toekyk hoe hulle kinders verslind word deur hierdie hedendaagse manier van lewe. Wat hou die toekoms vir ons in met so 'n volgende geslag as net die dood en doodsreuk oraloor?

Ds Jerry Mhlanga *is sendeling van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata - werksaam te Soshanguve.*

WIE is die BELANGRIKSTE MAN in die HOF?

Sending & Evangelisasie

"Wie is die belangrikste man in die hof?" Dit is een van die min sinsnedes wat ek as nie-Sothosprekende tydens die preek opvang. Die antwoord kom van een van die ouer swart broeders: "Die getuie, moruti, hy is die belangrikste!". Natuurlik, die getuie – hoewel, my eerste raai was "die regter". Want as die getuies hulle verhaal duidelik vertel, kom die Waarheid altyd na vore.

Dit is 'n nat Sondagoggend in Mei en ons, saam met nog 'n paar gaste uit Pretoria, besoek die Vrye Gereformeerde Kerk te Mamelodi. Ds Tjeerd de Boer word vandag amptelik deur hulle uitgestuur as sendeling om in Nellmapius gaan werk. Die reën mog dalk sorg vir 'n paar leë sitplekke vandag, maar die stemming is feestelik. Ds De Boer en sy vrou, Mieke, ontmoet hier weer 'n paar ou bekendes – die blydskap by die weersiens is duidelik wedersyds en spontaan.

Die kerkraad van Mamelodi het, saam met die kerkraad van Pretoria-Maranata (wat vroeër vir die sending hier verantwoordelik was), vir ds De Boer beroep en daarom het hy die ongekende voorreg om twee Sondae na mekaar "bevestig" te word. Wanneer ons voor die diens in die konsistorie loer,

word voor ons oë geskiedenis gemaak: die kerkraad van Mamelodi – nog nie so lank gelede nie self nog sendingkerk – neem verantwoordelikheid vir hulle eie sendingwerk in Nellmapius!

Kerkraad Mamelodi met hul nuwe sendeling

Nadat ouderling Moses die diens begin en almal verwelkom het, preek ds De Boer uit Handelinge 1:6-8 : *maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.* Die frustrasie wat 'n mens voel omdat jy so min van die Sotho verstaan - seker herkenbaar vir elke besoeker hier – keer jou nie om hartlik saam te sing en te soek na die bekende terme wat elke nou en dan opduik nie. Ek vergaap my daaraan dat ds De Boer, na al die jare, nog so vlot en skynbaar sonder probleem die Sotho laat rol. Gelukkig is daar deesdae in die gebruik van die taal genoeg Engels vermeng dat die boodskap uit Handelinge 1 ook vir my redelik duidelik word: die gelowiges wat wag op die wederkoms van die Here word nie alleen gelaat nie, hulle ontvang (op hulle volhardende gebed) die belofte van die Heilige Gees en word in staat gestel om aan die werk te spring in Gods koninkryk.

Vrye Gereformeerde Kerk Mamelodi

Dit is hoekom ons hier is, om dit self weer aan te hoor en om te aanskou hoe Mamelodi dit ook vir hulself waar wil maak. Die kerk op sy knieë, om as 'n dienskneg van die Here sy werk hier te mag doen en te vertel van God se ontfermende liefde. Wat 'n fees om daarvan getuie te wees!

Ds De Boer was reeds in 1983 vir die eerste keer vanuit Nederland beroep deur die VGK Pretoria om in Mamelodi sendingwerk te doen. Toe hy in 1991 weer na Nederland vertrek, was daar 'n sendingsgemeente wat onder die leiding van ds M de Vries en daarna ds J Bosman gegroei het tot 'n selfstandige gemeente.

Nadat daar sedert 2006 'n leemte in die mannekrag van die sending ontstaan het (weens die vertrek van sendelinge di De Visser en Bosman), is daar besluit om ds De Boer weer te beroep; veral omdat hy die land, die mense en die taal so goed ken. Voordat ds De Boer en sy vrou egter op 8 April 2008 hier voet aan wal gesit het, het hulle 'n spannende tyd deurgemaak: daar word 'n gewas op sy breinstam gevind, wat operatief verwyder moes word en waarvan hy verskillende nadelige gevolge ervaar. Duiselinge, verswakte konsentrasie- en uithouvermoë en koördinasiesteurnisse word deel van die alledaagse lewe, hoewel dit stadig maar seker beter gaan. Wie 'n oomblik stilstaan by al hierdie gebeurtenisse, word stil voor die Here: sy weë is nie ons weë nie. Hy bring sendende kerk en sendingsgemeente en sendeling, almal saam voor Hom op die knieë.

Ons het ds Tjeerd na sy eerste indrukke gaan vra. Hy het gedeeltes van sy blog vir ons in Afrikaans vertaal. Sien http://morutideboer.web-log.nl/.

Jan de Mooij

Intrede (5 Mei 2008)

Ons bly feesvier. Verlede week my bevestiging. In Maranata se gemeente. Deur Mamelodi se predikant. Vir die werk in Nellmapius. Gister, Sondag 4 Mei, het ek in Maranata se aanddiens oor *God se sending en ons sending* gepreek. Daarvoor was ek reeds in die oggend in Mamelodi. In Mamelodi? Ja, tog *eerste* in Mamelodi en dan volgende week in Nellmapius. Vanaf my bevestiging verlede week sien ek elke dan en wan 'n sms of e-pos verby kom. Soos dié: *"the brothers in Mamelodi ... think it be wise to preach in Mamelodi before going to Nellmapius."* Ek reageer nie self nie. Kyk wat gebeur. Maar inwendig moet ek lag. Mamelodi voel eienaar van die werk in Nellmapius. Mooi! Hul stille diplomasie blyk toe meer effektief te wees as president Thabo Mbeki s'n oor Zimbabwe. Nellmapius kan sy feestelike *lunch* 'n week uitstel. Gister was die ontvangs in Mamelodi.

Ds De Boer tydens sy bevestiging

Ten spyte van die swaar reën is die kerk nie te leeg nie. Ek ontmoet ou bekendes uit die 1980's: Emily Duma, Monicah Kgosana, Andrew Malebye, Ephraim en Naomi Mkhabela. Maar hoe het die gemeente gegroei. In mense. In geloof. Wonderlik om so 'n kerkraad aan die werk te sien. Swart mans in leerbaadjies. Heerlik om saam te sing.

Br Sam Mathlokoane gaan voor in Nellmapius

Die diens word deur een van die ouderlinge gelei. Ek preek vanuit Handelinge 1 verse 6, 7 en 8. *The Church of Christ praying, working and witnessing.* Agterna is daar koffie en tee vir gemeente en besoekers. Mense uit Maranata. Joop en Joke Parre. Vier studente van die Gereformeerde Hogeschool in Zwolle wat besig is om hier af te studeer. Hulle ken weer vir ons dogter Liesbeth. "O, is u *daardie* De Boer!"

Pinksterfees en Moedersdag (11 Mei 2008)

Dis nou jou laaste intrede, sê Mieke vanoggend vir my. Ek het haar verstaan. Na Maranata en Mamelodi mog ek nou in Nellmapius my eerste preek hou. *En ek hoop dis jou allerlaaste*, vul sy aan. Ek het haar verstaan. Ek hoop om tot aan my emeritaat hier in die sending te mag bly werk.
Dit was 'n mooi dag. Om 11:30 was ons terug met heelwat agter die blad. 'n Mooi kerkdiens.

Toesprake. En 'n volledige maaltyd vir die hele gemeente plus besoekers (60 mense).

Die diens begin om agtuur, dit wil sê so kwart oor agt. Sam Mathlokoane stel eers *moruti Mogale* van Mamelodi aan die woord. Hy moet al gou loop, want hy het 'n diens in Mamelodi om te lei.
Na sy gebed en introduksie mag ek die diens lei. Dit is Pinkster – en daarby Moedersdag – en ek preek oor Psalm 27 vers 4. *Die heilige Gees leer vir Dawid en ons dat jy in jou lewe net één ding benodig.* In die kinderpreek kom Salomo verby. Later lees ons ook uit Lukas 18 oor die ryk jongman. Hy het baie gehad. Maar die een ding wat nodig is, het hy gemis. Daar word entoesiasties gesing. En die gemeente reageer regtig as 'n mens 'n vraag vra. Mooi om hier voorganger te wees.

Na die diens volg 'n aantal toesprake. Brother Sam verwelkom sy *ou moruti* uit Soshanguve. Hulle klap hande vir Dirk Maurits Boersma as hy die gemeente in Noord-Sotho toespreek.

Ook Harry Pouwels kom as die sending se voorsitter aan die woord. En daar is selfs Nederlandse gaste. Verlede week in Mamelodi was dit GH-studente. Dié week het ons hulle begeleiders as gaste. Een van hulle – Bertus Leijenhorst – was my klasmaat in die hoërskool … na ruim 40 jaar ontmoet ek hom weer in Suid-Afrika!

Feestelike ete na die diens in Nellmapius

Die moeders wys hulle beste op hierdie Moedersdag. Almal het by die huis gekook en kos saamgeneem. Hoender. Rys. Pasta. Verskeie slaaie. Pampoen. Koeldrank. Daar is genoeg vir almal: die mans – wat deur die vroue bedien word, die gaste, die lidmate, selfs die kinders wat geduldig toustaan. Lekker kos. Heerlik gesels. Die atmosfeer in Nellmapius is goed vandag.

Die LAASTE dae van 'n MODERNE MARTELARES

Kuns & Kultuur

Film : **The final days: Sophie Scholl**
Regisseur : Marc Rothemund
Taal : Duits met Engelse onder-titeling
Tyd : 120 minute

Twee vriendinne sit by 'n radio. Hulle sing saggies saam met die musiek. Die een, Sophie, spring op en sê dat sy moet gaan. Sy loop deur die donker strate totdat sy by 'n deur kom wat na 'n geheime kelder lei. Daar is die lede van 'n studentebeweging besig om pamflette te kopieer waarin die Duitse volk opgeroep word om hulle teen Hitler te verset. Haar broer Hans is ook daar. Aan die einde van die aand blyk dit dat hulle meer pamflette gemaak het as wat hulle met die pos kan uitstuur. Die plan ont-staan om dit die volgende dag by die universiteit te versprei.

Die volgende dag gaan Hans en Sophie universiteit toe met 'n koffertjie vol pamflette. Terwyl die klasse aan die gang is, sit hulle stapels van die papiere by die deure van die klaskamers neer. Wanneer die klasse amper uitkom, sit hulle die laaste stapel op die balustrade van die derde verdieping neer. Impulsief stoot Sophie die stapel oor die rand van die balustrade en die pamflette reën onder toe. Hans en Sophie probeer om tussen die massas studente wat uit die klaslokale drom, die universiteit te verlaat. Maar dit is te laat, iemand het hulle gesien. Dit is die begin van die einde.

In 2005 het die film *Sophie Scholl – The Final Days (Sophie Scholl - Die letzten Tage)* in Duitsland verskyn. 'n Baie indrukwekkende film oor die getrouheid aan morele waardes binne 'n kultuur en staatsmag wat intimideer en indoktrineer. Dit gaan oor die laaste dae van Sophie Scholl, 'n 21-jarige lid van die anti-Nazi studenteweerstandsbeweging *Die Weisse Rose (Die Wit Roos).*

Die name van Sophie en Hans Scholl is baie bekend in Duitsland. Hulle het simbool geword vir die teenstand teen Hitler - wat daar tog ook wel was. Deesdae is daar talle strate, pleine en skole in Duitsland na hulle vernoem. Die film *Sophie Scholl – The final days* is al die vierde film wat oor hulle lewe gemaak is. Wat hierdie laaste film egter uniek maak, is dat daar gebruik gemaak is van nuwe inligting uit onderhoude met ooggetuies en verslae wat tot 1990 onbeskikbaar was, omdat dit in argiewe in Oos-Duitsland opge-berg was. Die regisseur het nou saamgewerk met die oorlewende familielede van Sophie om die historiese akkuraatheid van die film te waarborg.

Die film het verskeie pryse ont-vang. Die aktrise Julia Jentsch oortuig in die hoofrol deur haar onopgesmukte styl. Sy is vir hierdie rol bekroon as die beste Europese aktrise vir 2005.

> Dit gaan oor wat reg is, oor moraal en oor God

Sophie Scholl
Sophie is in 1921 gebore as vier-de in 'n Lutherse gesin van vyf kinders. Haar pa was burgemees-ter van Firchtenberg am Kocher. Later het hulle na Ulm verhuis. Aanvanklik het sy aangesluit by die Hitler Jugend, maar het later baie krities teenoor hierdie beweging geword. Haar pa het ook nie Hitler se politieke sienings gedeel nie, wat 'n invloed op sy dogter gehad het.

Sophie het graag geteken en geskilder en 'n belangstelling vir filosofie en teologie ontwikkel. Na skool wou sy graag universiteit toe gaan, maar daar was die reël dat voornemende studente eers gemeenskapsdiens moes doen voordat hulle by die universiteit toegelaat word. Sy doen dit as kleuteronderwyseres in Blumberg.

Sophie Scholl

In 1942 begin sy haar studie aan die Universiteit van München in Biologie en Filosofie. Haar broer Hans stel haar voor aan sy vrien-de. Hierdie vriendegroep het later veral bekend geword vir hulle ge-deelde anti-Nazi politieke siening. Dit was egter nie dit wat hulle aanvanklik tot mekaar aangetrek het nie. Die Christelike geloof het 'n belangrike rol in hulle lewe gespeel. Verder het hulle 'n

gemeenskaplike belangstelling gehad vir kuns, musiek, literatuur, filosofie en teologie. Hulle het ook graag saam in die berge gaan stap, gaan ski en geswem. Die vraag hoe die individu moet optree onder 'n diktatorskap, het hulle baie besig gehou.

> Hulle het uit hul geloof die krag en inspirasie gekry om 'n ander weg in te slaan

Die groep het hulself *Die Weisse Rose* genoem. ('n Interessante feit is dat Luther se persoonlike simbool ook 'n wit roos was). Sophie se broer Hans het 'n leidende rol in hierdie beweging gespeel. Hulle het duisende pamflette versprei waarin hulle die Duitsers opgeroep het om passief die Nazi's teen te werk.

Die film Sophie Scholl – the Final Days

Verder het hulle op mure van openbare plekke anti-Hitler leuses geverf. Van die jong manne in die groep moes aan die Oos-Front veg en hulle was geskok oor die dinge wat hulle daar gesien het, bv hoe 'n groep naakte Jode in 'n gat doodgeskiet is. Verder het hulle sien aankom dat Duitsland die oorlog sou verloor en hulle wou hê dat die oorlog stopgesit moes word om verdere bloedvergieting te voorkom. Dit is met Hans en Sophie se verspreiding van die groep se sesde pamflet by die Universiteit van München dat hulle gearresteer is.

Die verhoor

Die grootste gedeelte van die film word in beslag geneem deur die verhore van Sophie deur die Gestapo-ondervraer Robert Mohr. Eers pleit Sophie onskuldig en sy word amper weer vrygelaat, maar dan kom die nuus dat Hans erken het en hulle word in die gevangenis opgesluit.

In 'n latere verhoor erken ook Sophie dat sy betrokke was by die verspreiding van die pamflette. Daar volg 'n indringende gesprek met Mohr waarin die grondslag onder hulle twee se lewe na vore kom. As vernederde en kanslose man uit die krisisjare verag Mohr bevoorregte studente soos Sophie. Maar in sy donker verhoorkamer blyk al gou die onversetlikheid van Sophie. Hy wil haar "'n koppie kleiner maak", maar gaandeweg kry hy tog al hoe meer respek vir haar standvastigheid. Van haar mede-gevangene Else Gebel hoor Sophie selfs dat Mohr eintlik van mening is dat Duitsland mense soos Sophie nodig het. Dat sy net verkeerd opgevoed is. Dat sy as 'n jong, vasberade en talentvolle vrou nie nasionaal-sosialisties dink en voel nie, dit kan Mohr nie begryp nie.

Dit lyk asof Mohr self nog die meeste onsteld is toe Sophie uiteindelik beken. Hy weet dat daar nou 'n valbyl bo haar kop hang. Hy wil nie graag die dood van 'n jong vrou op sy gewete hê nie. Hy bied haar skaars, egte koffie aan en begin 'n filosofiese diskussie met haar. Aan die een kant lyk dit kunsmatig – het 'n Gestapo-kommissaris niks beters om te doen nie? Maar die regiseur Rothemund beroep hom op die sorgvuldige verslae van Mohr self wat onlangs deur Oos-Duitse argiewe vrygestel is.

> *Net as voorbeeld wil ons stel dat daar sedert die verowering van Pole driehonderdduisend Jode op die mees grusame manier vermoor is. Hier sien ons die verskriklikste misdaad teen die menslike waardigheid. 'n Misdaad wat nog nooit voorheen in die geskiedenis geëwenaar is nie. Ook die Jode is mos mense – hoe 'n mens ook al oor die Joodse vraagstuk dink – en die misdaad is gerig teen mense.*
>
> *(tweede pamflet van die Weisse Rose 1942)*
>
> *Is julle gees al so verkrag dat julle vergeet het dat dit nie net julle reg, maar ook julle morele plig is om hierdie sisteem omver te werp nie? (…) Want elke dag wat julle nog langer aarsel, wat julle jul nie verset teen hierdie helse gedrog nie, groei julle skuld as 'n paraboliese kurwe tot ongekende hoogtes.*
>
> (derde pamflet van die Weisse Rose)

Sophie glo in die bestaan van 'n objektiewe moraliteit van goed en kwaad waarin dit nie pas dat Jode en gestremde mense vermoor word nie. Mohr baseer hom op 'n staatsvorm waarin daar nou eenmaal reëls geld wat nageleef moet word. Wanneer Mohr haar daarvan beskuldig dat haar idees nie in voeling is met die realiteit nie, antwoord Sophie: "Natuurlik gaan dit oor realiteit, dit gaan oor wat reg is, oor moraal en oor God". Mohr bars uit: "God bestaan nie!" Mohr bied aan

Sophie nog 'n laaste uitweg om aan 'n doodvonnis te ontkom: "Hoekom sê jy nie dat jou broer jou aangehits het nie?" Mohr het hierdie uitvlug as verklaring al kant en klaar op sy lessenaar. Sophie hoef dit nog net te onderteken. Tog onderteken Sophie nie die verklaring nie. "Omdat dit nie waar is nie", antwoord sy Mohr.

Sophie, haar broer Hans en hulle vriend Critoph Probst word in 'n skynverhoor deur die berugte Roland Freisler skuldig bevind aan hoogverraad.
Alhoewel daar 'n wet was wat terdoodveroordeeldes 99 dae tot die voltrekking van hulle vonnis gee, sal hulle dieselfde dag nog deur die valbyl onthoof word.
In afwagting op hulle doodsvonnis kom Sophie se pa en ma hulle nog besoek. Hulle stel haar gerus dat hulle volledig agter haar staan. Sy verseker haar ma dat hulle mekaar in die hemel weer sal sien. Die gevangenispredikant kom en sy ontvang sy sëen. Dan word sy na die sel geneem waar Cristophh Probst en Hans reeds wag. Probst merk op dat wat hulle gedoen het, nie nutteloos was nie. Toe hulle buitentoe geneem word, merk Sophie op dat die son nog steeds skyn. Dan word sy na die eksekusiekamer geneem en die vonnis word voltrek. Op 22 Februarie 1943 is Sophie Scholl op 21-jarige ouderdom ter dood gebring op grond van die aanklag van hoogverraad.

'n Mens voel nie vrolik na 'n film met so 'n einde nie. Tog is dit bemoedigend om te sien dat daar in 'n tyd toe so baie Christene - waaronder ook kerkleiers - kompromieë met die nasionaal-sosialisme aangegaan het, daar tog dié was wat uit hulle Christelike geloof die krag en inspirasie gekry het om 'n ander weg in te slaan.

Jenny Boon *het 'n graad in Beeldende Kunste.*

AROS verras kritici

- Onderhoud met Prof W Buys

Onderhoud

AROS-huis, die hart van die nuwe opleiding

Agter die mure in Dickensonlaan is daar 'n stukkie bekoring aan die werk.
Wind deur die hoë bome, die geklank van dowwe houtvloere, donkerhoutmeubels wat getuig van klassieke dekor en boeke wat die "huis" vul met rykdom bied 'n warm uitnodiging aan elke besoeker.

Telefone wat lui, die ooplê van dagboeke en rekenaars bevestig die aanhoudende aktiwiteite wat voortvloei uit hierdie enjin-kamer.

Die ontmoeting met dr Buys en mnr Bisschoff is ontspanne en verwelkomend. Koffie en tee is vanselfsprekend. Kennis word gemaak met dr Buys se kantoor. Die kantoor getuig van diepe studie en 'n sterk gereformeerde karakter.

Daar bestaan geen twyfel nie dat die roeping wat God aan hom uitgewys het, met groot vreugde ingevul word. Die dankbaarheid teenoor God word gekenmerk met die oorgawe wat hy het vir die uitleef van gereformeerde onderwys.

Die gesprek vloei spontaan oor in vrae en antwoorde wat volg:

1. Kan u (dr Buys) dalk in kort 'n lewenskets van uself gee?

Ek het skoolgegaan in Roodepoort (laerskool) en Brakpan (hoërskool). Ek het my tersiêre opleiding in Teologie aan die Potchefstroomse Universiteit voltooi. Daarna is ek 'n jaar weermag toe vir artillerie-opleiding. Die eerste gemeente wat ek bedien het, was die Gereformeerde Kerk Piet Retief (1993-2000).

"Universiteit van Zwolle… ken internasionale sertifikaat toe…"

Daarna het die Here my geroep na Pietersburg-Noord (2000 -). Ek is tans deur die kerkraad afgesonder onder artikel 14 om by AROS te help**.** Hier is ek gefokus op die filosofiese en teologiese navorsing oor die grondslae van gereformeerde onderwys. My meestersgraad het gehandel oor die Hoofskap van Christus in Kolossense en Efesiërs. In 2000 het ek die Heygens-beurs van die Nederlandse regering ontvang. Dit het beteken dat ek in Kampen teologiese navorsing kon doen oor die teologie van Schilder. Met my terugkeer het ek my proefskrif oor die kerkbeskouing van Klaas Schilder by die Universiteit van Bloemfontein voltooi. Die boek "*Schilder oor die kerk*" verskyn binnekort. Die Here seën my, met my vrou Karin en 3 kinders.

Dr Wikus Buys, direkteur van identiteits-ontwikkeling en navorsing by AROS

2. Kan u kortliks die huidige stand van sake by AROS verduidelik? Bv:

a) Is dit 'n selfstandige opleiding?

Ons word gereguleer deur die *Noordwes universiteit*. Hulle reik dan ook die *B.Ed-graad* uit aan die studente wat hul studies by AROS voltooi.

"Noordwes universiteit… reik B.Ed-graad uit…"

Dit is vir ons van uiterste belang dat die opleiding deur en deur Skriftuurlik gereformeerd moet wees. Om dit te doen, beteken 'n kritiese evaluering en, waar nodig, ombouing van die inhoud.

Voornemende studente vir gereformeerde onderwys word verryk met 10 ekstra modules.

Die *universiteit van Zwolle* ken ook 'n *internasionale sertifikaat* aan hierdie kandidate toe.

b) Hoeveel dosente en studente is tans by AROS betrokke?

- 38 dosente
- 150 studente

AROS is vanjaar geseënd met meer as 'n verdubbeling in die getal studente. AROS is oortuig daarvan dat Hy sy seën ook in die toekoms nie sal weerhou nie, mits die werk volgens sy wil en gehoorsaamheid gedoen word.

c) Wat is u spesifieke opdrag by AROS?

Direkteur Identiteitsontwikkeling. Dit behels die uitbou en leiding gee aan die gereformeerde karakter van AROS en die noue skakeling met dosente. Die res van die tyd word spandeer aan aktuele teologiese en filosofiese navorsing.

"kursus kan op afstand gedoen word…"

3. Behalwe dat AROS gereformeerde onderwysstudente oplei, is daar tog baie bestaande onderwysers wat nie hierdie gereformeerde onderwys geniet het nie. Beplan julle ook nog enige kursusse om hulle bekwaam te maak om gereformeerde onderwys te gee, 'n tipe byskoling?

'n Susterorganisasie van AROS, ARSO (Aksie Reformatoriese Skoolonderwys), is besig om 'n kursus saam te stel om bestaande onderwysers toe te rus vir hul groot taak, ongeag of die onderwysers by staats-, privaat- of ARSO-skole betrokke is, en ongeag hul

kleur en taal. Die kursus staan bekend as die Eksodus–projek. Die kursus bevat 'n aantal modules wat fokus op gereformeerde onderwys in die praktyk. Studente ontvang oor elke module 'n spesifieke opdrag wat in 'n bepaalde tyd voltooi moet word. Die hele kursus kan op afstand gedoen word.

4. Julle studente kom uit verskillende denominasies.

a) Hoe gaan julle in die praktyk hiermee om?

Studente deurloop 'n tweedag-kursus voor die afskop van hul studies. Die kursus behels deeglike kennismaking met die gereformeerde leer. Skrifgesag word benadruk en ook wat die studente te wagte staan in hul studietydperk.

Ons sien dit as 'n wonderlike geleentheid vir studente om in aanraking te kom met die gereformeerde leer en om daarop voort te bou.

In die praktyk beleef ons 'n dankbare geestelike groei by studente, in so 'n mate dat studente kom aanklop vir byskoling in die gereformeerde leer.

'n Klassieke, stylvolle interieur getuig van 'n kwaliteit atmosfeer.

Bepaalde voorwaardes word aan studente gestel, nl. om verskeie vakke te slaag in die vasgestelde termyn. Dit is noodsaaklik dat daar 'n grondige onderbou van die gereformeerde leer kan ontwikkel.

Bybelmodules aangebied deur AROS:

- Normatiewe pedagogiek
- Normatiewe maatskappylewe
- Gereformeerde grondslag
- Kerkgeskiedenis
- Reformatoriese filosofie

b) Wanneer studente hul studies by AROS voltooi het, ontstaan daar 'n groot moontlikheid dat hulle betrokke sal raak in openbare skole. Is daar enige verdere begeleiding van AROS se kant?

Ons hoop en bid dat dit wat studente uit AROS put en mag saamneem die lewe in, van onskatbare waarde mag wees, en so mag uitkring in die samelewing. Ons hoop dat die invloed van AROS in staatskole mag vergroot en dat studente 'n hand en 'n voet vir gelowige onderwysers mag wees.

5. Inhoudelik: Kan u verduidelik wat die spesifieke kenmerke van gereformeerde onderwys is en hoe u die studente leer om dit in die praktyk toe te pas?

Christus is ons Leermeester in alle aspekte van die samelewing. Ons taak hier is om Christus te verwoord. God openbaar Hom in die natuur en die Skriftuur en is Hoof van elke afdeling. In elke vakgebied moet God se Woord deurklink en geïmplementeer word. Dit moet die agtergrond en raamwerk wees waarin inhoude gegiet word.

6. Uitkomsgebaseerde onderrig en gereformeerde onderwys – komplimenteer dit mekaar of is daar 'n groot teenstelling?

Die verhouding tussen uitkomsgebaseerde onderwys en gereformeerde onderwys is: albei het 'n doel. UGO - wat is die staat se doel met ons as mense? UGO is gefokus op staatsburgers. Gereformeerde onderwys - wat is God se doel met ons as mense (uit die Skrif); dit is gefokus op Koninkryksburgers. Die gevolg is dat inhoude verskillend ingevul word.

7. Enige opleiding is baie duur – kan AROS homself finansieel onderhou?

Die Here seën ons, sodat ons finansieel die opleiding self mag bedryf. God voorsien!

"Invloed van AROS in openbare skole vergroot…"

8. AROS het onlangs 'n strategiese beplanning gedoen vir die komende vyf jaar; kan u in kort meer daarvan vertel?

Ons korttermyn-beplanning is om AROS-dosente toe te rus met die gereformeerde leer, die uitleef en integrasie daarvan in elke vakgebied.

In ons langtermyn-beplanning maak AROS gereed vir die indiensopleiding en ontwikkeling van studente en onderwysers tot dosente.

"Voortgang van die CHO…vir indiensopleiding en ontwikkeling van studente… tot dosente…"

AROS beskou haarself as die historiese voortgang van die CHO (Christelike Hoër Onderwys). Ons beskou onsself nie as 'n instandhoudende instansie nie, maar 'n instansie wat wil uitbrei.

Mnr Pieter Bisschoff, hoof en direkteur van akademie by AROS

Graag skep AROS ruimte vir Christelike Hoër Onderwys op opvoedkundige terrein om 'n bydrae te lewer ten op sigte van Christelike lektuur en reformatoriese filosofiese navorsing en die vrystelling daarvan.

AROS beskou haarself as die voertuig tussen ouers, onderwysers en die bestuur van skole vir die herlewing van gereformeerde onderwys.

"Reformasie in denke… lei tot 'n skoolbeweging…"

Deur middel van kursusse, seminare en gesprekke mag ons die oproep tot, en die dringendheid van, gereformeerde onderwys weer tuisbring. Gevolglik kan daar 'n reformasie in denke plaasvind wat kan lei tot 'n skoolbeweging.

9. Watter oproep wil u graag tot die samelewing rig namens AROS?

Bid vir hierdie werk, ondersteun ons en moedig u kinders aan om gereformeerde onderwys te gaan studeer. Ons hoop en bid dat Christene in ons land die waarde van gereformeerde onderwys mag insien. Laat ons hierdie nuwe onderwysopleiding en onderwysbeweging in Suid-Afrika ekumenies aanpak, waartoe die verbond ons natuurlik oproep.

Bogenoemde onderhoud en verwerking is saamgestel deur mev Janneke de Vries (B Ed Opvoedkunde). Sy was onderwyseres by die gereformeerde laerskole Akademie Reformia, Pietersburg (2007) en is tans betrokke by Johannes Calvyn, Pretoria (2008).

Tema van die volgende KOMPAS:

Swart, wit of grys?

BOEKEnuus

- **Feenstra, P G: The glorious work of home visits**

Hierdie publikasie bevat 'n samevatting van 'n ampsdraerskonferensie gehou in November 1999 deur die *Canadian Reformed Churches* in Ontario. Onderwerpe wat aangeraak word, is o a: "*Scriptual underpinnings; From the pages of history; Character of home vivits; Preparing for the visit; The art of listening; Including the children; Young adults and single members; Possible themes; Visits by the deacons*", ens. Voorwaar 'n handige boek vir ampsdraers.
(60 bladsye –R 70)

- **Niemeijer, P: Samen in de wereld. Wat biedt de kerk?**

Hoe is ons as kerk en Christene betrokke in ons omgewing en maatskappy? Watter houding neem ons aan teenoor die mense om ons? Wat is ons houding teenoor die politiek? Wat is die verhouding tussen die reg van God en die gelyke regte van die mens soos in die politiek nagestreef word? Alles vrae wat in hierdie nuutste publikasie in die *Woord & Wereld*-reeks aan die orde kom. Hoofstuk een begin met Christus se opdrag "wees soos die sout van die aarde". In hoofstuk vyf word die God van die **hele wêreld**, die Koning en Regter van die **hele wêreld** aan die leser voorgehou.
(106 bladsye – R137)

- **Van der Waal, C: And they sing a new song**

Hierdie is 'n onlangse vertaling (2008) van 'n boek wat reeds in 1978 verskyn het as *En zij zingen een nieuw lied.* Hierdie vertaling wys dat die vraag van die wel of nie sing van gesange in die erediens nog steeds wêreldwyd aktueel is. "*Reformed Churches have sung the Psalms for centuries. But what about the place of hymns in the worship services? Van der Waal shows from Holy Scripture and history what criteria churches should use for the Song of the Church. A must read for everyone who loves the Church of Christ and desires to do His will also in singing to the glory of His Name.*"
(70 bladsye – R 95)

Twee kleuterboekies uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika:

- **In die begin**

In die begin; Noag; Abraham.
(R 15)

- **Jesus in die Wêreld**

Die geboorte van Jesus; Die babatjie Johannes; Jesus by die troue; Saggeus.
(R 15)

- **Die Bybel met verklarende aantekeninge**

Deel 1 (Genesis – Ester)
(Tweedehands R120)


FOLMER BOEKHANDEL
Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530
Tel: (021) 948-5883
e-pos: folmerboek@telkomsa.net
Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
0186 Môregloed
Tel/Faks: (012) 333 8064
e-pos: folmerpta@mweb.co.za
Posbus 26489
0031 Gezina

Advertensies

Klein Stee

selfsorg-gastehuis
Vir verdere inligting en bespreking sien
www.wheretostay.co.za/**kleinstee/**
of kontak ons:
kleinstee@absamail.co.za
telnr 021 919-4755
Kees en Joke Begemann

On the Balcony

selfsorg-eenheid
vir maksimum 4 persone.
Volledige inligting
beskikbaar op
www.wheretostay.co.za/onthebalcony/
of ingridkl@iafrica.com
of 021 919-2260
Gert & Ingrid Klapwijk

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-548-0126
of epos willie@hurterspies.co.za

CD's te koop

Aan 's Vaders Hand deur "Soli Deo Gloria" Mannenkoor (Urk) o.l.v. Jaap Joh. Kramer
19 bewerkings o.a. Psalm 101, Kom in mijm hart, He's the lilly of the valley, O bone Jesu, Wat de toekoms brenge moge, ens.

Stil tot God deur Urker Visserskoor " Crescendo" o.l.v. Louwe Kramer
16 bewerkings o.a. Psalm 34, Psalm 5, Machtig God sterke rots, De tien geboden, Psalm 115/52, Pelgrimslied (Ps. 121), Lied van verlangen, Daar zijn geen grenzen, ens.

Als ik Hem maar kenne deur Urker Zangers o.l.v Jacob Schenk m.m.v. Philharmonia Amsterdam
17 bewerkings o.a. Alle roem is uitgesloten, Psalm 133, Een naam is onze hope, Psalm 43, Gebed des Heeren, Nader mijn God bij U, Jezus ga ons voor, Als ik Hem maar kenne, ens.

Sterk in Uw kracht deur Mannenkoor "Soli Deo Gloria" (Urk) o.l.v. Jaap Joh.Kramer met "Soli String Orchestra"
17 bewerkings o.a. God heb ik lief (Ps. 116), Four books in the Bible, Heer ik kom tot U, De Heer is mijn Herder (Ps.23), Amazing grace, Panis Angelius, ens.

Heer, ik hoor van rijke zegen deur Christelijk Mannenkoor Staphorst o.l.v. Jan Quintus Zwart
17 bewerkings o.a. Heer onze God (Ps.8), Abba Vader, Ps.138, Vertrouwen, Ps. 105, De Heilige Stad, In de hemel is het schoon, Ps.122, Groot is Uw trouw, Ps. 139, Heer ontferm U over ons, Ps. 21, Hallelujah, ens.

Hemelse Vader
Harry Hamer (orgel) Hendrie Westra (Marimba)
20 bewerkings o.a. van Mozart, G.Verdi, Wesley, Ruwe stormen moge woeden, Heerlik is Uw naam, Allejulah, Geprezen zij de Heer, Air en Gavotte, Zie ik de bergen groter dan U, ens.

Snarenspel en orgel
Anke Anderson (harp), Martin Mans (orrel)
18 bewerkings o.a. Angel of hope, Heer wees mijn Gids, Verlosser Vriend, Gij hoop en lust, Jesu meine Freude, Vaste Rots van mijn behoud, Gouden harpen hoor ik ruisen, Ps. 27, Ps. 121, Nimrod, ens.

Samen zingen o.l.v. John Propitius,
Marco den Toom (orgel): God is getrouw, Ps.122, Ps. 42, Als ik Hem maar kenne, Ps. 146, Heerlijk is Uw naam, Ps. 87, Heer wees mijn Gids, 'k Wil U o God mijn dank betalen, Zie ons wachten aan de stromen, Orgelsolo Ps. 99 (W.H Zwart), Blijf bij mij Heer

Klaas Jan Mulder speel werke van Jules Grison, Joseph Rheinberger, J.S.Bach, Dubois, Festing, Guilmant, A l' improviste, Klaas Jan Mulder (Grote kerk Hasselt – Dordrecht)

Prys: R120-00 elk plus posgeld en verpakking.
Amaril Bpk, Posbus 3545, Pietersburg,
Tel. 015 2970708, Sel. 072 576 4685,
e-pos: Amaril@vodamail.co.za

Aros

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

Aros groei baie vinnig en vanjaar se 140 studente (80 eerstejaars op foto) en 36 dosente kan getuig waarom

Kom doen jou studie ook by Aros; word 'n gelowige, bekwame onderwyser

Waarom 'n onderwyser word?

- 'n Voorspoedige land het gelowige en bekwame onderwysers nodig
- Dit is 'n bevredigende, afwisselende en belangrike beroep
- Wees diensbaar, vir kerk en land
- Die tekort aan onderwysers word al groter, in Suid-Afrika en in talle ander lande
- Wees verseker van 'n vaste werk met 'n goeie inkomste
- Kwalifikasies bied jou geleenthede in talle ander rigtings

Waarom by Aros studeer?

* Verwerf 'n internasionaal erkende B Ed-graad, uitgereik deur die Noordwes-universiteit (voorheen PU vir CHO)
* Addisionele modules, ook erken deur oorsese instansie
* Deurlopende praktykopleiding
* Insig wat jou God en Vader van jou as onderwyser verwag
* Persoonlike begeleiding
* Intieme atmosfeer
* Lesings hoofsaaklik Saterdae

Aros is 'n onafhanklike, private akademie, gestig in 2003, met fasiliteite in Waverley, Pretoria. Bied 'n volledige vierjarige B Ed-graad namens die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus). Aros glo dat goeie onderwys van kritiese belang is om die jeug van die Here te bekwaam om in Sy diens te staan, tot opbou van Sy kerk.

Vir verdere inligting, kom gesels met Pieter Bisschoff of Rob van der Kooy; bring gerus jou ouers saam. Vir 'n afspraak, skakel 012 332 3228, 012 332 3222 of 079 5o5 2958. E-pos aros@lantic.net, www.aros.org.za. Dickensonlaan 1180, Waverley, Pretoria.

Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Freek van der Meer
Louise Ros (administrasie)

Posbus 23931, Gezina, 0031
Tel 012 332 0127
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo Tel 012 335 9134

Redaksie:
Ds Erik van Alten
Jan de Mooij
Greet de Vries
Marlene de Vente

Subredakteurs:
Venster op die Bybel:
Ds Pieter Nel
Onderwys en Opvoeding:
Heleen Snijder
Wilma Pouwels
Elders Gelees:
Ds Erik van Alten
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Leer en Lewe:
Ds Kees Kleijn
Wetenskap & Tegnologie:
Lodewijk IJlst
Medies:
Dr Theo de Vries
Geskiedenis & Kerkgeskiedenis:
Dr Jan Meijer
Sending & Evangelisasie:
Jan de Mooij
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
Klip in die Bos:
Hans Moes
Onderhoude/Verslae:
Greet de Vries

Redaksieadres:
Cunninghamlaan 1301
Waverley 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos : R50
RSA per hand : R100
RSA per pos : R125
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :**
  Shammah 26, Theunisstr, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 / dskleijn@iburst.com
- **Rev T Mogale :**
  19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 / t.mogale@telkomsa.net
- **Rev MP Magagula :**
  575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 / magagula@telkomsa.net
- **Ds P Nel :**
  Fratesweg 775, Rietfontein, Pretoria, 0186;tel 012 331-0931 / rufusnel@mweb.co.za
- **Ds E Viljoen :**
  Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530; tel 021 919-9149 / eviljoen7@absamail.co.za
- **Ds HH van Alten :**
  Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 / hhvanalten@vgkmaranata.org.za

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Dr JA Breytenbach :**
  Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 / hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds PG Boon :**
  Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Rev J Mhlanga :**
  Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za
- **Ds T de Boer :**
  Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186; tel 012 333-5602 / tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Ds DM Boersema :**
  Mantova 8, Kuskoraalstraat 1135, Môregloed 0186; tel 012 333-1708 / dmboersma@vgkmaranata.org.za

U kan die administrasie van
KOMPAS
kontak vir:

- geskenkbewyse
- nuwe intekenings
- geskenk-intekenings
- advertensies

Posbus 23931, Gezina, 0084

Kompas.admin@vgk.org.za